Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 19 Julie 2019

## 1. LIEF EN LEED

Dit is met leedwese dat die Wonnies verneem van oom Christo Lombard se afsterwe. Hy was vir 22 jaar 'n Jukskei-afrigter by die Hoërskool Wonderboom. Die Wonnies gaan hom werklik mis.

## 2. LEERDER-DEELNAME EN -PRESTASIES



**Rugby:**

Baie geluk aan ons 0/15 A-Rugbyspan wat tydens die semifinale rondte van die Blou Bulle Uitspele met 'n pragoorwinning van 30-16 teen die Hoërskool Pretoria-Noord geseëvier het. Hulle speel Saterdag, 20 Julie, in die finaal teen Hoërskool Overkruin op Midstream College se gronde. Alle ondersteuning sal beslis verwelkom word.

**Redenaars:**

Baie geluk aan die volgende redenaars wat pragtig presteer het tydens die Artisticulta Redenaarskompetisie se finale rondte:

- Jana van der Merwe (2de plek)
- Elria van Wyk (3de plek)
- Hannes Jacobson (4de plek)

**Aksie-krieket:**

Geluk aan Brandon van Dyk. Hy het Gauteng-Noord verteenwoordig tydens die Junior Interprovinsiale Aksiekrieket Toernooi.





**Musiek:**

Twee Wonnies, Xander de Kock (Gr 11) en Jordan Botes (Gr 9) is op Unisa se ererol vir besondere prestasie in musiekteorie geplaas. Dié leerders moes 90% en meer in hul eksamens behaal het, om die prestasie te bereik. Baie geluk!

## 3. UITGEE VAN RAPPORTE:

Leerders ontvang op **19 Julie** rapporte. Die oueraand volg op **23 Julie**. Tesame met die rapport ontvang die leerders ook 'n gedragsrekord. Bespreek asseblief die inskrywings op die leerder se gedragsrekord met hom/haar, aangesien daar 'n direkte verband tussen bv. huiswerk wat gereeld nie gedoen word nie, en prestasie in 'n vak, is. Let ook weer op die slaagvereistes van die verskillende grade:

**Graad 8 en 9:**

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal: | vlak 4 - 50% |
| Engels EAT: | vlak 3 - 40% |
| Wiskunde: | vlak 3 - 40% |
| Nog 3 vakke: | vlak 3 - 40% |
| Nog 2 vakke: | vlak 2 - 30% |

**Graad 10-12:**

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal: | vlak 3 – 40% |
| Nog 2 vakke: | vlak 3 – 40% |
| Nog 3 vakke: | vlak 2 – 30% |

## 4. KLASKAMERPROJEK:

Baie dankie aan elke ouer wat betrokke was by die klaskamerprojek. Daar is verskeie ouers wat werklik bereid is om te help en selfs fondse te skenk, ten einde die klasse netjies te maak. Ons waardeer dit werklik. Indien u nie die aand kon bywoon nie, skakel gerus u kind se voog indien u enige hulp kan verleen.

## 5. REVUE:

Die revue vind op **31 Julie** en **1 Augustus** plaas. Hierdie is 'n kombinasie van Die Hoërskool Wonderboom se revue-groep, verskeie Laerskool-revue-groepe, sowel as 'n **Personeelkonsert**! Kaartjies is beskikbaar teen R30.00 per persoon.

## 6. OORSESE BESOEKERS:



Die Hoërskool Wonderboom was in die bevoorregte posisie om die afgelope weke verskeie oorsese besoekers by ons leerders te huisves. Dankie aan elke ouer wat bereid was om hiermee te help.

Die Cantate Domino Koor, wat bestaan uit 35 jong manne van Aalst, België, het ons besoek. Die koor vier hul 60ste bestaansjaar en het al in die Vatikaan voor die Pous opgetree en nou weer saam met die Wonnie Skoolkoor!

Ons het ook oorsese rugby-besoekers gehuisves. Die Royal Grammar School in Lancaster, Engeland, het ons skool met 60 rugby-spelers besoek en selfs teen die Wonnies wedstryde gespeel.

## 7. GRAAD 8 - INSKRYWINGS VIR 2020:

Die aanlyn-inskrywings vir Graad 8 van 2020 **sluit op 22 Julie**. Alle **dokumente moet teen 31 Julie** by die skool wees.

## 8. WONDERLIG-GROEPPROJEK:

Graag bedank ons al die Gr. 9-ouers wat afskeurstrokies geteken en teruggestuur het vir u kind om hierdie kwartaal deel te neem aan ons Wonderlig Groepprojek. Die maksimum aantal leerders wat toegelaat kan word tot die projek is 40 en ons het ongeveer 70 afskeurstrokies terugontvang. Ons wil nie graag 30 leerders wegwys nie en het toestemming verkry om die projek twee oggende `n week aan te bied nl. Woensdag- en Donderdagoggende. U kind sal dus ingedeel word in groep 1 vir Woensdagoggende of groep 2 vir Donderdagoggende. Indien die groep waarin u kind gedeel is, vir enige ouer `n probleem is, kontak me. Fourie asseblief persoonlik, sodat alternatiewe reëlings getref kan word.

## 9. EKSTRA TOETSE:

Let asseblief op die volgende toetse wat bygevoeg word tot die toetsrooster in die dagboek:

| DATUM | DAG | GR 8-9 | GR 10 | GR 11 | GR 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| Dinsdag | 13 Augustus | Reeds in Dagboek | Reeds in Dagboek | Reeds in Dagboek | Geografie |
| Dinsdag | 10 September | EBW | Toerisme | Besigheid | |
| Dinsdag | 17 September | | IGO / Ekonomie | Rek / IGO | |

## 10. BLOEDSKENK:

Baie dankie aan elke Wonnie en Wonnie-ouer wat op Woensdag, 17 Julie, bloed kom skenk het. Ons skool het 159 eenhede bloed geïn!

M LEZAR
SKOOLHOOF